# Kirstenbosch 2023

| **ROETE:** | Silvertree | **DATUM:** | 28 Januarie 2023 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Altesaam 11 mense het om 08:00 by die Rycroft-hek van Kirstenbosch bymekaar gekom om die Silvertree-roete aan te pak. Dit wil-wil reën, maar gelukkig is dit net 'n paar los druppels. Eintlik is ons dankbaar vir die koelte. Die Silvertree-roete is een van die langer roetes wat in Kirstenbosch begin en eindig, met 'n stywe paar opdraandes op die koop toe. Ons begin die roete met 'n goeie klim (via die damwal, want ons het nie die afdraaipad gesien nie) tot op die kontoerpad. Ons loop verby Nursery Ravine en Skeleton Gorge se afdraaibordjies en verder tot by die 'scree belt' waar ons lekker honger 'n welverdiende blaaskans neem en op die klippe middagete geniet. Daarna volg 'n stewige klim met trappies tot ons weer hoër op in die berg die 'scree belt' kry. Dan begin die afsak terug na Kirstenbosch toe. Halfpad af sê die een stapper: "Ek het nou load-shedding. My krag is op." Net daarna val daar weer 'n bietjie reën. Toe ons uiteindelik onder kom, loop ons eers deur die tuin en stap via die Boomslang (ons is dan nou hier) terug na die Rycroft-hek. 'n Paar van ons ry met ons motors om na Hek 1 en 2 om by Mojo of die Tearoom iets te gaan eet en drink. Wat die roete ideaal maak vir hierdie tyd van die jaar is dat dit aan die oostelike kant van Tafelberg is waar daar baie skaduwee en koelte is. Baie dankie aan Amanda Matthee vir die stapreëlings en stapleiding. Klimhoogte: 453 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 2023045 | R 5 | 11 | |
| Wynand Krause | 2023039 | R 5 | 11 | |
| Madeleine Krause | 2023038 | R 5 | 11 | |
| Michelle Krause | 2023142 | R 5 | 11 | |
| Madré Conradie | Besoeker | R 10 | 11 | |
| Hannah Jacobs | 2023140 | R 5 | 11 | |
| Cassie Wait | Besoeker | R 10 | 11 | |
| Johnny Wait | Besoeker | R 10 | 11 | |
| Freddie Pohl | 2023090 | R 5 | 11 | |
| Susan Pohl | 2023091 | R 5 | 11 | |
| Sinmarie Pieterse | 2023082 | R 5 | 11 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 70** | **121** | |

| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| **VERSLAG DEUR:** | Amanda Matthee |
|---|---|